



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V3

NOVEMBER 2015

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: Opstel	(50)
AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25)	(50)
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/vloiediagram/kernwoorde), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.
7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

AFDELING A: ongeveer 80 minute
AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute
8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde.

1.1 **Hiér kuier, speel, leef en lag ons.** [50]

1.2 *Hou hierdie oomblikke in 'n dagboek vas!* [50]

1.3 **Lees sluit deure oop.** [50]

1.4 *Geluk is soos 'n bril –
dikwels soek jy naarstiglik
daarna terwyl dit
vóór jou oë sit!*
- *Fliegende Blätter* - [50]


1.5 Skryf 'n OPSTEL wat met die paragraaf hieronder as 'n INLEIDING begin.
Jy moet dié inleidingsparagraaf in jou ANTWOORDEBOEK oorskryf.

Ek dink terug aan daardie Oukersdag toe ek voor die winkelvenster gaan staan en ewe skielik iemand met my hoor praat het. Dít het my lewe verander ...

[50]

1.6 Kies EEN van die volgende visuele prikkels en skryf 'n opstel daaroor. Verskaf jou eie opskrif.


1.6.1



[Uit: www.photostock.com]

[50]


1.6.2



[Uit: www.photostock.com]

[50]

1.6.3



[Uit: www.spiralstairs.com]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf 180–200 woorde oor elkeen.

2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jou skoolloopbaan is verby. Jou oupa en/of ouma is baie bekommerd oor die rigting wat jy wil inslaan.

Skryf 'n BRIEF aan jou oupa en/of ouma en stel hom/haar/hulle gerus. **[25]**

2.2 HULDEBLYK

Jou geliefde troeteldier is onlangs dood nadat hy/sy etlike jare deel van jou lewe was.

Skryf 'n HULDEBLYK oor dié dier. **[25]**

2.3 TYDSKRIFARTIKEL

Sosiale media

***Dit gons, twiet en gesels saam!
Kan dit goed wees vir ons?
Of beïnvloed dit ons negatief?***

Skryf 'n ARTIKEL vir 'n tienertydskrif waarin jy die voor- en nadele van sosiale media bespreek. Gebruik bogenoemde opskrif. **[25]**

2.4 DIALOOG

Jy het 'n vriend/vriendin wat deesdae al meer waarde aan uiterlike vertoon en materiële besittings heg: hoe groter en blinker, hoe beter!

Jy voel baie sterk daarvoor dat uiterlike vertoon en besittings nie bepalend is nie: die vere maak beslis nie die voël nie!

Skryf die DIALOOG waarin julle mekaar van julle onderskeie standpunte probeer oortuig. **[25]**

2.5 AGENDA EN NOTULE

Gedurende die 2016-Junievakansie bied organiseerders in Reitz, Mosselbaai, Christiana en Estcourt elk 'n kultuurfees of sportontwikkelingstoernooi aan.

Die skoolkoor/'n Sportspan beplan om een van dié feeste of toernooie by te woon.

As sekretaris van die skoolkoor/sportspan moet jy die reëlingsvergadering beplan en die notule daarvan neem.

Stel die AGENDA vir hierdie reëlingsvergadering op en skryf dan die toepaslike NOTULE.

[25]**2.6 FORMELE BRIEF**

Jou skoolhoof is onlangs deur 'n keuringspaneel van die Departement van Basiese Onderwys as die beste skoolhoof in die land aangewys.

Skryf 'n GELUKWENSINGSBRIEF waarin jy hom/haar met hierdie uitsonderlike prestasie gelukwens.

[25]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100